

GROEIGROEPMATERIAAL

4 April – 10 April 2022



Ons is rentmeesters van die skepping

Ons lees in Genesis 1 dat ons geskep word in die beeld van God, as sy afbeelding. Hierdie beeld kan ons dalk verstaan as 'n kopie van die oorspronklike, maar moet dalk eerder verstaan word as 'n verteenwoordiger van die oorspronklike. Tesame met dit lees ons dat ons 'n verantwoordelikheid het tot die skepping, waarvan ons deel vorm. Ons moet oor dit 'heers', of dalk eerder rentmeesters wees van die skepping. Hierdie twee konsepte is aan mekaar gebind; Omdat ons in God se beeld geskep is, moet ons optree soos wat hy sal optree, as sy verteenwoordiger, d.w.s. die aarde bewaar en oppas asof ons rentmeesters is.

TEKS: Genesis 1:24-31

Vrae:

1. Dink julle God lyk soos ons? As ons lees dat ons in God se beeld geskep is?
2. Ons lees dat ons word geskep met 'n doel, "om te heers oor die skepping" en om die aarde te "onderwerp". Hoe verstaan ons hierdie woord "heers" en "onderwerp"?
3. Dink julle hierdie "heers oor die skepping" behels ander mense ook? Of net diere?
4. Kan ons in die geskiedenis iets sien van die mensdom wat hierdie "heers" dalk mis interpreteer het, of tot hulle eie gewin gebruik het? Noem 'n paar voorbeelde en bespreek dit.
5. Ons lees in vers 29 en 30 dat God vir ons plante en diere gee om van te eet. Beteken dit dan dat ons kan doen wat ons wil met hierdie gawe van voedsel wat God vir ons gegee het? Of beteken dit ons moet net plante of net diere eet? Bespreek dit, en dink aan voorbeelde soos dieetplanne of voorkeure wat net plante behels, of net sekere tipe vleis behels.

Om saam te vat...

Ons is geskep in die beeld van God, as rentmeesters, om die aarde op te pas en te bewaar. As ons die metafoor van 'n plaasbestuurder sou vat, sal dit mooi pas met wat ons verantwoordelikheid is op aarde. 'n Plaasbestuurder bewaar en bestuur sy baas se plaas, asof dit sy eie is. Hy hou dit in stand, hou dit netjies en skoon, behou die orde. Hy doen dit als omdat dit sy werk is, dit word van hom verwag.

Gebedstyd:

- Bid vir ons gemeente se Groeigroepe; dat die groepe wat reeds bestaan aanhoudend sal groei, in getalle en in geloof; vir die groepe wat nog op die been kom; en vir toekomstige groepe wat gevestig sal word in ons gemeente.
- Bid vir elke lidmaat, asook elke kerkraadslid – dat God hulle kan bemagtig sodat hulle nie bang is om die kerk vorentoe te vat nie.
- Bid vir die laaste gedeelte van Lydenstyd, asook vir die Paassangdiens wat 10 April plaasvind en daarby die dienste wat tydens die Groot Lydensweek plaasvind.
- Bid vir die oorlog wat tussen Rusland en Oekraïne woed dat God hulle kan herinner aan hulle verantwoordelikheid om ander mense reg te hanteer en ook om die skepping op te pas en nie te verwoes in die proses nie.

Ervaar die skepping elke dag vir 'n week, probeer daarby een dag in jou week ten volle te rus. Onthou dat ons rentmeesters is van die skepping. Omdat ons geskep is in die beeld van God, moet ons optree soos wat God sou.